*Pakenham, Thomas 1981: Die Boere-oorlog. Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers. pp. 702, R25,00*

Die Anglo-Boere-oorlog van 1899 — 1902 hou deur al die jare nog steeds 'n besondere bekoring in. Letterlik miljoene uitsprake is daaroor gelewer en baie skrywers, onderlê in die kuns of nie, het hul hande aan 'n weergawe daarvan gewaag. Sommige was erg oordrewe tendensieus van aard. Ander was weer die resultaat van waardevolle navorsingswerk oor 'n verskeidenheid aspekte van gebeure en verloop van die Oorlog wat in akademiese werke neerslag gevind het.

Thomas Pakenham het met 'n heel frisse benadering 'n brug tussen populêre weergawe en akademiese navorsing geslaan. Sy skitterende werk oor 'n "uitgeskryfde" onderwerp breek 'n nuwe dimensie in geskiedskrywing oop. "Die Boere-Oorlog" is die resultaat van agt jaar se uiters noukeurige en omvattende navorsing. Die kwaliteit van Pakenham se werk lê veral in twee faktore opgesluit.

Enersyds is daar die kwalitiet van sy navorsing. Hy gebruik eerstehandse en hoofsaaklik ongepubliseerde berigte. Oorspronklike dokumente is deeglik gefynkam. Hy put ryklik uit private geskrifte wat hy persoonlik opgespoor het. Hy gebruik byvoorbeeld verlore krygsbriewe van Sir Redvers Buller wat vir baie jare onder 'n biljarttafel in Buller se huis in Devon gelê het. Hy het 'n geheime joernaal van die Britse Militêre Inligtingsdiens opgespoor. Hy gebruik honderde briewe en dagboeke van Britse soldate waarop hy vir die eerste keer afgekom het.

Andersyds is daar sy besondere skryfstyl. Dit word op so 'n wyse aangebied dat selfs 'n leek behae daarin sal skep om dit te lees. Sy aanhalings uit bronne is hoofsaaklik nuut en effektief. Dit is geensins 'n kroniekagtige verhaal van die Oorlog nie. Pakenham het 'n besondere aanvoeling vir die pittige en gebruik aanhalings uit persoonlike briewe op hoogs effektiewe wyse.

Pakenham se werk is 'n monument vir geskiedskrywing. En die wonder van sy boek lê dáárin dat enige leser dit kan geniet. Dit is beslis nie net vir navorsers en historici bedoel nie.

Dié boek word baie sterk aanbeveel vir studente, onderwysers en dosente. Dit is nie net alleen 'n nuutkyk na die Anglo-Boere-oorlog nie; dit is 'n totale omwenteling in die tegniek van geskiedskrywing.

*AJ Posthuma*
*(Kollege vir Verdere Opleiding)*